

Op 'n drafstap in die Namib

deur **Hester van Biljon**

Namibië is een van die wêreld se ylbevolkste lande, met die oudste woestyn in die wêreld, die Namib – 'n ware stuk wildernis. Maar Junie en Julie is dit toeriste-seisoen! Oral ry 4x4's met sleepwaentjies en so hier en daar sleep een 'n *horsebox*, want daar is 'n uithourit in Walvisbaai.

Baie van die voertuie het Suid-Afrikaanse nommerplate en hulle is gelaai: bergfietse, vierwielfietse, motorfietse, motorbote, visstokke, *rooftop*-tente – alles behalwe die parakiet en die Playstation. Plek-plek voel dit soos Desember se vakansiespitstyd op Boggombaai se strand, soos die toeriste jou vertrap en die *locals* verboureer.

Maar net so 'n entjie weg van die uitgetrapte toeristewatergate, kan jy nog die ware Namibië ervaar. Eindelose ruimtes. Wilde plekke waar die siel nog kan asem haal. Waar 'n perd dae lank sorgeloos kan galop met geen mensgemaakte versperring in sig nie.

Toe die Duitse keiser sy *Schutztruppe* en perde in die laat 1800's in Swakopmund afgelaai het, was dit om sy jong kolonie te vestig. Man en perd en al hulle toerusting moes deur die woestyn trek om in Windhoek te kom.

Vandag is dié Duitse kolonie 'n demokrasie. Windhoek is steeds die hoofstad en Swakopmund het nog baie van die Duits-Koloniale *gemütlichheit* wat dit 'n gesogte toeristedorpie maak. Afstammelinge van die oorspronklike *Schutztruppe* en hulle perde is steeds in Namibië te kry. Op 'n plaas net suid van Windhoek, in die Khomashochland, bly die Fritzsches en hulle spesiale perde.

Op die spoor van hulle voorvaders het die Fritzsches vanaf hulle plaas, deur die Namib-woestyn tot in Swakopmund, 'n perdesafari uitgelê. Vandag bedryf hulle dit as een van die wêreld se top tien perdesafari's, soos aangewys deur *Out There*. Ons gesin het die voorreg gehad om aan dié safari te kon meedoen!

Die safariperde is superatlete in eie reg! Hulle is geharde Trakener/Haflinger/Arabier kruisings wat spesiaal gekies word vir hulle uithouvermoë en temperament. Die saals is *western* en die tooms het gewone trense. Die perde is almal volledig met ysters beslaan en het op die harde klipgrond van Namibië grootgeword. Hulle is meestal 15-16 hand hoog, rats en uiters betroubaar in ruwe terrein.

Ons is te perd van die plaas af: nege dae oor 400 km. Deur die Kuisebpas in die Hakosberge, deur semi-woestyn na die

Nurya van Biljon van Johannesburg (links) sukkel om haar perd, Metallic, regop te hou. Langs haar is haar pa, Callie van Biljon, en Waldi Fritsche van Namibië

'n Blaaskansie vir perd en ruiter. Dis Callie van Biljon van Johannesburg wat so plat op sy rug lê. Sy seun, Peter, sit by hom

Rooiduin, in die Namib Naukluft Park in, Kuiseb Pas uit, oor Aruvlei, Tinkas, Tumos en die Welwitschia pleine, deur die Maanvallei in die Swakopriviervallei af tot teenaan die Atlantiese osean by Swakopmund. Ons ry 30 tot 40 km per dag. 'n Ent in die oggend, rus oor middagetes dan weer die middagskof.

Die rypas wissel tussen stap, draf en galop. Nou en dan klim almal af en loop langs die perde om bene te rek en die diere 'n blaaskans te gee. Tussendeur is daar altyd tyd om af te klim en interessante plante, wild, klippe, voëlneste, verlate myne of asemrowende uitsigte te bewonder of om die perde te laat water drink uit bees-wildskrippe of poele in rivierlope. In die aand kuier ons om 'n kampvuur en slaap onder die sterre.

'n Vragmotor en bakkie ry padlangs ons water, voer, huisware en koue bier van kamp tot kamp aan. Saans slaap die perde in halters aan 'n *picket line* wat tussen die vragmotor en bakkie gespan is. Elke oggend, middag en aand moet jy self jou perd voer, water gee, roskam, op- of afsaal, kyk vir seer- of skaafplekke en sorg dat jou saal en toom versorg is. Harde werk en goeie terapie vir stadsjapies.

Om dag in en dag uit doenig wees met die perde, leer jou meer van dié diere as enige perdryles of skool. Mettertyd verdien die taai, betroubare perde ons hoogste respek soos ons met hulle oor oop vlaktes galop, deur los klipperige rivierbeddings loop, hulle teen steil bergpasse lei op beespaadjies met loodregte afgronde langs ons, en draf deur stof wat so dig is dat jy nie die ruiter voor jou kan sien nie.

Aan die einde van die vakansie toe ons heelhuids in Swakopmund aankom, bly ons nog 'n dag om met die perde in die see te swem en ons eie July-wedren op die strand te hou. Die kinders het natuurlik ver gewen!

Terug in die roesemoes

In die stad verloor ons soms die vreugde van eenvoud. Omring deur meganika en elektronika, aangejaag deur agendas en doelwitte, verloor ons die unieke verhouding wat daar vir eeue tussen die mens en die perd bestaan het.

Dié wonderlike dier wat die mense gehelp het om die woeste, wilde plekke van die wêreld en die hart mak te maak, is in die stad vir die meeste van ons net 'n vae herhinnering of 'n foto teen die muur.

Maar iewers op 'n drafstap in die Namib, met die viertydritme van die perd, het ons weer mens geword – het perd en woestyn ons sin vir rigting en ons posisie in die ruimte weer herstel.

Dié safari-vakansie word ten sterkste aanbeveel vir siele wat kan vakansie hou sonder DStv en verhitte handdoekreëlings! **SAH**